

## Die Riekies van ons gemeente

Jare gelede het ons hierdie groepie in ‘n gemeente “die Kinderkranskinders” genoem, maar in ons gemeente het hulle ‘n besondere naam met besondere werksaamhede: **Die Riekies** – ons klein Rietfluite wat hulle geloof en liefde vir ons Here Jesus oral uitleef. So om en by 20 Riekies kom elke Woensdagmiddag bymekaar, natuurlik onder die bekwame leiding van twee tannies wat baie vir hulle omgee.

Die gawe van kindwees-in-die-geloof word tydens hierdie byeenkomste behoorlik benut om elke kind met nuwe geestelike voedsel die week in te stuur. Uit die getuenis van ouers en vriende van die Riekies word die boodskap wat hulle ontvang wyd verkondig, want hulle is mos klein rietfluite waarop die klank van die evangelie uitgedra word!

Uit die monde van ons kleingoed het ons gehoor wat hulle dan alles doen wat so aangenaam is:

“Ons werk lekker, sing lekker en eet ook lekker saam”

“O, ons behandel elke kwartaal ‘n tema – die eerste kwartaal het ons die tien gebooei gedoen en ons het geleer hoe om dit in ons eie lewe toe te pas”

“Ja, en ons het hierdie kwartaal meer van die kruis en al die mense wat betrokke was geleer. Ons het elkeen ‘n persoon gekies, sy beeld uit klei gemaak en bespreek hoe daardie persoon se optrede ons vandag nog beïnvloed”

“En ja, die tannies het gesê ons gaan volgende kwartaal “uitreiking” doen. Ons gaan balonne opblaas met bybelteksies binne en ons gaan dit loslaat en glo dat mense van die teksies gaan lees en Jesus as hulle Verlosser aanneem. Ons gaan ook briefies in kleedkamers en winkelsentrums neersit. En ons gaan broodjies met teksies in die parkie los.....

*(Dit is altyd wonderlik om ‘n kind opgewonde oor Jesus te sien, en soveel meer as hulle die ondersteuning van twee wonderlike tannies het – dankie daarvoor. Bert Bewer sal graag een of ander tyd ‘n besoekie aan die Riekies wil bring want hy dink sulke opgewonde Jesus-kinders kan groot vreugde in die res van die Bewergemeenskap bring. Dit lyk so al vir Bert of hierdie groep kinders sy jaarlikse gebed hulle eie gemaak het, naamlik: Heer, gebruik my om vrede te saai*

*Laat my liefde aan almal duidelik wees;*

*Mag my geloof ander motiveer*

*en vreugde bring waar mense hartseer is.*

*Here Jesus, maak my sterk genoeg om ander te kan troos en te help waar hulle my nodig het;  
Laat ek eerder gee as om self te ontvang en vergewe soos U vergewe.  
Laat ek waarlik U kind wees!!)*

Baie dankie liewe **Riekies** vir die prag uitstalling van julle werk voor in die kerk – talle gemeentelede het hierdie gebaar waardeer!!

## **Pinkster 2000**

**“Die Gees laat ons Jubel”** – die toepaslike tema van vanjaar se Pinksterreeks, het elke gemeentelid weer laat besin oor die werking van die Gees.

Vir elke Christen bring Paastyd die besef van die groot genade dat Christus as Seun van God vir elkeen van ons soveel omgee dat Hy toegelaat het dat die wil van die Vader geskied en Hy aan die kruis vasgespyker word, maar ook die groot vreugde in die Pinksterfees dat Christus die dood oorwin het en opgevaar het na die hemel om daar vir ons in te tree. Met die uitstorting van die Heilige Gees, is nog verder vir die Christen gesorg: die Trooster is gestuur om genadiglik by te staan. Dit is huis oor hierdie Trooster dat ons predikers en gemeente vanjaar besin het.

Aangesien Hemelvaart nie meer as vakansiedag geld nie, is die Hemelvaartdiens op Donderdagaand, 1 Junie om 18:30 gehou, wat dan ook as inleiding tot die Pinksterbyeenkomste gedien het. Vanaf Vrydag, 2 Junie 2000 tot en met Sondag, 11 Junie het die Pinksterdienste elke aand om 18:30 plaasgevind. Preke met die werking van die Heilige Gees as tema is egter ook op Sondag, 18 Junie voorgesit en is die tema tydens die oggenddiens op 25 Junie afgesluit.

Die naweek van 9-11 Junie 2000 was Jubelnaweek!! Die Jubeloffer (Lofoffer) is dan ook tydens die erediens op Sondag, 11 Junie opgeneem. Hierdie feesoffer (Jubeloffer) is ingestel in plaas van die gebruiklike basaar, en was veral vanjaar die tasbare bewys van dankbare erkentlikheid vir genade, krag en steun uit Gods Hand. Om 12:00 is ‘n gesamentlike gemeente-ete as deel van die gemeenskap met die heiliges gehou - ‘n gulde geleentheid om tyd saam met vriende deur te bring maar ook telkens met dankbaarheid te erken: Hy is Immanuel, God met ons!!

In hierdie Pinksterreeks is elke gemeentelid werklik weer aan die intense werking van die Gees herinner. Ons het oor die volgende besin:

- **Die Gees laat ons God se stem hoor in die roeping tot geloof**
- **Die Gees wek ons tot ‘n nuwe lewe deur wedergeboorte**
- **Die Gees lei ons tot kindword van God deur bekering**
- **Die Gees verseker ons van die God se genade in reverdigmaking**
- **Die Gees wek en bewerk geloof**
- **Die Gees laat ons groei in die geloof tot Heiligmaking**
- **Die Gees laat ons volhou om die “wenstreep” te behaal**
- **Die Gees laat ons leef as kinders van die lig**
- **Die Gees bewapen ons vir die geestelike stryd (Ef. 6)**
- **Die Gees laat in ons die besef van ons Abba Vader**
- **Die gawes van die Gees dien as boustene vir die geloof**
- **Ons lewens moet die vrug van die Gees weerspieël**
- **Die Gees is ons spesiale helper**
- **Die Gees bestuur ons lewe**

Ons kan hierdie lysie maak byderhand hou as twyfel, angs of terugslae ons tref, want ons het weereens besef dat ons ‘n geestelike helper het wat ons 24 uur per dag onderskraag in

die wedloop na die wenpaal om die goue kroon te behaal!! Dit is genade wat slegs uit die hand van ons Hemelse Vader kom en waaraan ons kan vashou.